# Braaf vroue is deel van ons Familie:

# Vroue van Krag

**Eduan Els 08/09/2019**

## 1. JAEL EN DEBORA

**1.1.** Jael was ‘n doodgewone vrou.

**1.2.** Debora was ‘n regter en ‘n profeet. Sy was ‘n vrou met mag en invloed.

**1.3.** Op 'n dag het Debora vir Barak, 'n Israelitiese kryger, ontbied en vir hom gesê dat God gesê het dat hy sy manne moet neem om Sisera te gaan verslaan. Barak was bang en het gesê dat hy slegs sou gaan as Debora saam gaan. Debora stem in, maar sê dat omdat hy die besluit geneem het, 'n vrou die eer sou kry vir die oorwinning.

**Rigters 4:17-24 “Sisera het te voet gevlug na die tent van Jael, die vrou van Geber die Keniet. Daar was ’n goeie vriendskapsverhouding tussen koning Jabin van Hasor en die familie van Geber die Keniet. Jael het uitgekom om Sisera te ontvang. Sy het vir hom gesê: “Kom hiernatoe, Meneer! Kom na my toe. Moenie bang wees nie!” Hy gaan toe in haar tent in. Sy het hom onder ’n deken weggesteek. “Gee tog vir my ’n bietjie water om te drink,” het hy vir haar gevra. “Ek is dors.” Sy het hom toe melk uit die melksak laat drink. Sy het hom weer onder die deken toegemaak. Hy sê toe vir haar: “Staan by die ingang van die tent. As hier iemand kom wat vir jou vra: ‘Is hier dalk ’n man by jou?’ moet jy vir hom sê: ‘Nee!’” Sisera was moeg en het aan die slaap geraak. Geber se vrou Jael het toe een van die tentpenne gevat en met ’n hamer in haar hand stilletjies na Sisera gesluip. Sy het die tentpen dwarsdeur sy slaap gedryf tot in die grond sodat hy gesterf het. Barak was op soek na Sisera. Jael het uitgekom na hom toe. Sy sê toe vir hom: “Kom hier, ek sal jou wys waar is die man na wie jy soek.” Barak het agter haar aan gegaan. Hy kry toe vir Sisera wat dood daar lê met ’n tentpen deur sy slaap. God het op daardie dag vir koning Jabin van Kanaän voor die Israeliete verneder. Die Israeliete het al sterker en sterker teen Jabin geword en hom uiteindelik vernietig.”**

## 2. GOD HET ALS REG VOORBEREI SODAT JAEL VIR SISERA KON VERSLAAN

**Rigters 4:14-16 “Debora beveel toe vir Barak: “Maak jou reg. Die Here gaan vandag Sisera aan jou uitlewer. Die Here sal voor jou uit marsjeer.” Barak het toe sy 10 000 man van Tabor af gelei om te gaan veg. Die Here het Sisera en sy oorlogwaens en al sy manskappe holderstebolder voor Barak laat vlug. Sisera het van sy wa af gespring en te voet verder gevlug. Barak het die oorlogwaens en hulle bemanning agtervolg tot by Garoset-Gojim. Al Sisera se soldate is doodgemaak. Nie een van hulle het die geveg oorleef nie.”**

**2.1.** Nog voor Jael enige iets gedoen het, het God klaar als voorberei sodat sy Sisera kon verslaan.

**2.2.** Op dieselfde manier berei God ook situasies vir ons voor… en dan raak ‘n doodgewone dag skielik buitengewoon.

**2.3.** Dit is belangrik dat ons besef dat God altyd besig is om agter die skerms te werk.

**Romeine 8:28 “En ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir hulle wat Hom liefhet, hulle wat geroep is volgens sy doel vir hulle lewe.”**

## 3. JAEL WAS GETROU IN HAAR PROSES EN HET DIE GELEENTHEID VOOR HAAR GEBRUIK

**3.1.** Jael het haar lewens omstandighede tot haar voordeel gebruik.

**3.2.** Ons moet ook die geleenthede wat God oor ons pad bring raak sien en tot ons voordeel gebruik.

**3.3.** Ons moet getrou bly in ons proses en altyd reg wees vir die dag wanneer ‘n geleentheid oor ons pad kom.

## 4. JAEL HET DIT WAT IN HAAR HAND WAS GEBRUIK

**4.1.** Jael het gereeld met ‘n hammer en tent penne gewerk, dit was ‘n normale deel van haar dag tot dag lewe.

**4.2.** Ons moet ook dit wat God in ons hand sit gebruik tot Sy eer.

## 5. GOD GEBRUIK DIE GEWONE OM DIE BUITENGEWOON TE DOEN

**5.1.** 'n Gewone dag het buitengewoon geraak toe die dissiepels gaan visvang – en genoeg vis gevang het om die skip te laat sink.

**5.2.** 'n Gewone dag het ongewoon geraak toe die ma van 'n klein seuntjie sy middagete pak - en dit kos vir duisende mense gee.

**5.3.** 'n Tipiese dag raak alles behalwe tipies toe 'n vrou, wat vir twaalf jaar met bloeding gesukkel het, aan die soom van 'n redder se mantel raak - en genesing vind.

**5.4.** Dit was ‘n gewone gebedsbyeenkoms totdat die geluid van 'n sterk, stormende wind deurgekom het en tonge soos vuur neer gedaal het… en die kerk begin het.

**5.5.** Dit was 'n gewone dag op die slagveld, net soos soveel ander wat Sisera geniet het, toe die reën geval het en hy vir sy lewe gehardloop het.

**5.6.** Jael was besig met haar normale roetine toe Sisera opgedaag het en haar lewe vir altyd verander het.

**5.7.** God gebruik gereeld gewone mense om van sy grootste werke te doen.

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Voel dit soms of jou lewe te doodgewoon is om 'n werklike verskil te maak in God se Koningkryk?
2. Watter "doodgewone" gereedskap het God in jou hande gesit?
3. Glo jy dat God die "doodgewone" gereedskap kan gebruik om die wêreld te verander?